CLEAN AUDITS SINCE 2010/11

Swartland Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

*Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!*
*We shape a beter future!*
*Sibumba ikamva elingcono!*

Lêer verw/
File ref: 15/3/6-8/Erf_3019

Navrae/Enquiries:
Mnr AJ Burger

20 Mei 2022

CK Rumboll & Vennote
Posbus 211
MALMESBURY
7299

Meneer/Dame

**VERLENGING VAN GELDIGHEIDSTYDPERK : VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 3019, MALMESBURY**

U aansoek met verwysing MAL/12462/MH, gedateer 25 April 2022, namens LMG Beleggingstrust, verwys.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek vir die verlenging van die geldigheidstydperk rakende die onderverdeling van erf 3019, Malmesbury, ingevolge artikel 70 van die Verordening, goedgekeur.

Die geldigheidstydperk word verleng vir 'n tydperk van 5 jaar tot en met 20 September 2027.

Die voorwaardes opgelê deur die munisipaliteit se skrywe gedateer 20 September 2017, soos gewysig per skrywe gedateer 8 Augustus 2019 steeds van toepassing bly.

Let daar dat voorwaarde 8. soos volg wysig:

**8. ONTWIKKELINGSHEFFINGS**

(a) Die eienaar/ontwikkelaar moet 'n ontwikkelingsheffing vir die grootmaat voorsiening van streekwater ten bedrae van R7 623,35 per nuutgeskepte erf maak. Hierdie kapitaalbydrae (totaal van R22 870,05) is aan Swartland Munisipaliteit betaalbaar op onderverdelingstadium. Die bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer: 9/249-176-9210;

(b) Die vaste ontwikkelingsheffing t.o.v grootmaatwaterdienste ten bedrae van R7 340,83 per nuutgeskepte erf aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdelingstadium. Hierdie bedrag (totaal van R22 022,49) is geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer: 9/249-174-9210;

(c) Die vaste ontwikkelingsheffing vir grootmaatriooldienste ten bedrae van R3 631,57 per nuutgeskepte erf aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdelingstadium. Hierdie bedrag (totaal van R10 894,74) is geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer: 9/240-184-9210;

(d) Die vaste ontwikkelingsheffing t.o.v strate en stormwater ten bedrae van R5 410,05 per nuutgeskepte erf aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdelingstadium.

*Rig asseblief alle korrespondensie aan:*
**Die Munisipale Bestuurder**
**Privaatsak X52**
**Malmesbury 7299**

**Tel:** 022 487 9400
**Faks/Fax:** 022 487 9440
**Epos/Email:** swartlandmun@swartland.org.za

*Kindly address all correspondence to:*
**The Municipal Manager**
**Private Bag X52**
**Malmesbury 7299**

**Darling** Tel: 022 492 2237
**Moorreesburg** Tel: 022 433 2246
**Yzerfontein** Tel: 022 451 2366

(e) Hierdie bedrag (totaal van R16 230,15) is geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer: 9/247-144-9210;

(f) Die vaste ontwikkelingsheffing t.o.v. elektrisiteit ten bedrae van R4 358,90 per nuutgeskepte erf aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdelingstadium. Hierdie bedrag (totaal van R13 076,70) is geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer: 9/253-164-9210;

(g) Die Raadsbesluit, gedateer Mei 2021 maak voorsiening vir 'n korting van 40% op die ontwikkelingsheffings aan Swartland Munisipaliteit van toepassing. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word. Let asb daarop dat die korting nie van toepassing is op punt 8(a) nie.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste

AJB/ds

Afskrifte: Landmeter Generaal, Privaatsak X9028, Kaapstad, 8000
Departement: Siviele Ingenieursdienste
Departement: Elektriese Ingenieursdienste
Departement: Finansiële Dienste
LMG Beleggingstrust, Posbus 559, Edgemead, 7407
Epos: mfmarshallservices@gmail.com